LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

10-04-2018

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 12 VIR 2018

1 **PROGRAM VIR DIE WEEK:**
10 April om 16:00 - 19:00 in die klasse - Akademiese Oueraand - Graad R tot Graad 7 (geleentheid om na skrifte en vraestelle te kyk)
11 April om 18:00 in die skoolsaal - Graad 6 Inligtingsaand
12 April om 18:00 in die skoolsaal - Graad 1 Opedag
16 April om 08:00 begin Graad 1/2019 aanlyn-registrasie by die skool in voorportaal van die saal.
21 April om 08:00 op die rugbyveld - Kleuteratletiekdag

2 **VERSOEK AAN OUERS:**
Ouers word versoek om asb. nie by of voor die klasse te wag vir leerders nie. Geen ouers dus tussen klasse in onderrigtyd nie, dit ontwrig die leerders in die klasse.

3 GRAAD 1/2019:
Ons Graad 1/2019 Opedag vind vanjaar plaas op 12 April om 18:00 in die skoolsaal vir al die belangstellendes ouers en die aanlyn registrasies begin op 16 April 2018. **Hier sal hulp by die skool wees vanaf 08:00 in die voorportaal van die saal.**

4 FONDSINSAMELING:
Leerders en ouers, ons hoop julle het gewoeker die vakansie met die verkope van die VW Vivo kar- kaartjies. Onthou daar is groot pryse wat gewen kan word. Sluitingsdatum: Dinsdag, 15 Mei 2018.

5 **HEIDELBERG EISTEDDFOD:**
Heidelberg Eisteddfod vind vanjaar plaas vanaf 14-26 Mei te Heidelberg Public School. Die Eisteddfod strek oor die hele Suid- en Oos-Gauteng en Mpumalanga.
Gelde kan direk oorbetaal word aan die Heidelberg Eisteddfod. Indien u kontant betaal, stuur asb. die regte gelde vasgeheg aan u inskrywingsvorm. Indien u EFT, MOET die bewys van betaling vasgeheg wees aan die inskrywingsvorm. Inskrywings word by die kantoor ingehandig. Graad R-3 (Juniors) se inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha. Graad 4-7 (Seniors) se inskrywingsvorms is beskikbaar by Juf. Helanie Willemse. Merk asb. duidelik, aan watter items deelgeneem word en vul inligting volledig in op die inskrywingsvorm.

Afdelings waarvoor ingeskryf kan word: Spraak, Poësie, Visuele kunste, Kreatiewe skryfkuns, Vokaal, Drama, Instrumentaal, Dans en Modelwerk. Kunstema: Beroepe.
NB: Inskrywings vir die Heidelberg Eisteddfod sluit Vrydag, 13 April by Laer Volkskool. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.!

6 **SUIKERBOSRAND EISTEDDFOD DEEL 1:**

Die Suikerbosrand Eisteddfod Deel 1 vind plaas vanaf 11-21 Junie by die TPA Saal in Heidelberg. Hierdie afdeling sluit in: Afrikaanse en Engelse Voordrag en Redenaars/Spreekkuns. Sluitingsdatums vir inskrywings by Laer Volkskool is 1 Mei 2018. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Kostes beloop: Redenaars: Individueel - R40 en Onvoorbereid - R40; Gedigte - R35.
Let asb. daarop dat alle inskrywingsgelde kontant betaalbaar is. Die korrekte bedrag moet saam met u volledige inskrywingsvorm ingehandig word - geen kleingeld is beskikbaar nie. Inskrywingsvorms en gedigte is beskikbaar by Juf. Lizelle Botha (Gr R-3) en Juf. Helanie Willemse (Gr 4-7), asook Redenaar-inligting.

7 **NETBAL 2018:**

- Netbal oefen slegs A en B spanne op Donderdag soos normaal. Geen oefening vir C spanne.
- Al die spelers van die 0/10 tot 0/13 A en B spanne moet 'n afskrif van hulle geboortesertifikaat en 'n ID foto (klein foto's van Individuele skoolfoto's) inhandig by hulle afrigters voor of op 10 April.
- Wedstryde vir 2018:

11 April	Weg te Laerskool Eloff - C spanne
14 April	Rugby en Netbaldag te Laerskool Midvaal

- MINI-NETBAL:

Mini-netbal oefening Donderdag soos normaal.

8 **KOOR**:

- Seniorkoor oefen Woensdag soos normaal.

9 **RUGBY**:

- Ons begin weer 16 April met oefeninge.
- ***Vriendskaplike rugbywedstryde en ligadatums:***

11 April	0/9B en 3de span @ Laerskool Eloff	Weg
12 April	0/9B - 2de span @ Laerskool Van Riebeeckpark	Weg
13 April	1ste span by Affies in Pretoria	Weg
14 April	0/8 - 1ste span @ Laerskool Midvaal	Weg
19 April	0/9 - 1ste span @ Laerskool Vryheidsmonument	Weg

- Ouers neem kennis asb.dat vanaf Maandag, 16 April is die rugby oefentye NET VIR 'N MAANDAG anders as die gewone tye van Dinsdag en Donderdag omdat daar Bulletjie rugbyoefening is op 'n Maandagaand vanaf 17:00 - 18:00 en die seniors nie saam met die Bulletjies kan oefen nie.
- Rugby oefentye vir alle spanne, net op 'n Maandag vir die 2de kwartaal:
0/9 en 0/10 - 14:00 - 15:00
0/11 en 3des - 15:00 - 16:00
2des en 1stes - 16:00 - 17:00
- Ouers moet asb. onthou om die BRIEF wat uitgedeel is rakende die gedrag langs die veld, te teken en terug te stuur skooltoe.

10 **SKAAK**:
Geen oefening die week nie.
Vrydag, 13 April 2018 - Volkie Ope vanaf 13:30.
Inskrywings sluit Donderdag, 12 April en dis GRATIS.
Ons neem deel in ons Volkiedrag.
Snoepie sal beskikbaar wees.

11 **SPREEKKOOR**:
Ons oefen Maandag, 16 April 2018 vanaf 13:00 - 13:45. Almal MOET asb. daar wees.
Eisteddfod is om die draai!

12 **INKLEURPRENTE**:
Al ons maatjies moet asb. onthou van die inkleurprentjie wat in die Volkie Nuusbulletin was, om dit vir Tannie Heléne te bring met jou naam op en 'n R2.

13 **IVY SUTTON - "TWEE VAAR BETER AS EEN"**
Kom geniet 'n damesaand - "Onder die sterre" op Woensdag, 18 April 2018 om 18:00 by Laer Volkskool. Kaartjies is beskikbaar by die skool teen R150 per persoon. Dit sluit 'n ete in.
Bring asb. u eie drinkgoed, kussing en kombers saam.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF